VIR CHRISTUS MEKAAR EN ANDER

Tel. 021 863 2700/1635 - Faks 021 863 2797
Epos: info@suiderpaarl.co.za, **www.suiderpaarl.co.za,**
Ds. Carel van Wyk 082 870 5701, Ds. Theo Hay 083 280 6184
Dr. André Kilian 082 320 1784, Jeug: Vicus Kruger 082 929 7163
Ds. Lenois Stander 084 627 9543 (Bybel-Media)

Ons Jaartema:

Toegerus om te dien. *(Efesiërs 4:12)*

Vandag 13 Januarie 2019

Hartlik welkom!

- ♥ 08:00 EREDIENS – Ds. Carel van Wyk
- ♥ 09:00 KLAPMUTS - Ds. Lenois Stander
- ♥ 09:30 EREDIENS - Ds. Theo Hay
- ♥ 09:30 @SPkidz vir Gr 1-6 en kleuterkerk
- ♥ 18:00 – 20:00 Collide – (Tienerkerk)

@ Granaat

Baie welkom aan alle nuwe vriende. Ons wil julle graag ontmoet na die erediens op die verhoog.

Geestelik:

- **Oude Renbaan byeenkoms**: 17 Januarie om 10:00 by die Klubhuis.
- **@ sitkamer** vir jong volwassenes skop af Dinsdag 22 Januarie om 19:00. Kontak Vicus 082 929 7163
- **Woensdagoggende Bybelstudie** begin 23 Januarie om 10:00 in die Bovertrek o.l.v Ds. Theo Hay. Almal is welkom om aan te sluit.

Volgende Sondag

- ♥ 08:00 EREDIENS – Ds. Theo Hay
- ♥ 09:00 KLAPMUTS – Ds. André Kilian
- ♥ 09:30 EREDIENS - Ds. Theo Hay
- ♥ 09:30 @SPkidz vir Gr 1-6
- ♥ 09:30 Kleuterkerk.
- ♥ 18:00 Collide (Tienerkerk)

- **Die Omgeewa bedien** Dinsdae-oggende om 10:00 by die stasie. Kontak asb. die kerkkantoor om deel te word van die groep wat daar bedien.

Ander:

- **Ons wil u bewus** maak dat daar in al die klaskamers van die Kinderark kleuterskool sekuriteit kameras is ter wille van hulle sekuriteit. Alle beeldmateriaal kan slegs deur die skoolhoof besigtig word. Indien u enige beswaar het kontak asseblief die kerkkantoor 021 863 2700.

- Vakature beskikbaar: Deeltydse pos (3 x 5 ure per week) van Skriba/Kassier van die NG Kerk Simondium. Kontakpersoon: Ds JA Theron, Epos: lali.theron@gmail.com Sluitingsdatum: 23 Januarie 2019.
- Nood verligting- ten tye van bv. brande, droogte ens. sal die Gemeenteraad deeglik ondersoek instel om spesifieke behoeftes te identifiseer asook die kontrole en verspreiding daarvan te verifieer. Die gemeente gaan soms hande vat met ander gemeentes en instansies om verspreiding te beheer en te vergemaklik asook om 'n oormaat te voorkom van 'n spesifieke item. Suider-Paarl Gemeentelede sal slegs in kennis gestel word van spesifieke behoeftes wat reeds geidentifiseer is.

  Die volgende behoefte bestaan en kan by die kerkkantoor afgegee word:

  - ✓ 5 ℓ water verseëlde water vir Vanwyksvlei gemeenskap met 300 huise
  - ✓ Komberse vir Mbekweni.

Dagboek

- **Suider-Paarl Gemeente** gaan 'n Valentyns-ete aanbied ten bate van ons uitreike op 14 Februarie. Meer inligting volg.
- **"World needs a Father" konferensie:** 15-17 Februarie.
- **Basaar: 2 Maart.** Ons beplan en woeker al. Bring wit olifante en
- items vir die tombola tafel na die kerkkantoor.
- **Op-en-Wakkerklub** hou 'n ete op 14 Maart. Meer inligting volg.

Veels Geluk lidmaat !

13 Januarie	**15 Januarie**	**18 Januarie**
Lisa Cilliers	Saridu Du Toit	Rosemary Beetge
Lily Haasbroek	Frans Gerber	Megan Conradie
Juan Retief	Leon Laubscher	Mynhardt Du Plessis
Lania Retief	Kyla Prinsloo	Cari Giliomee
Ansie Terblanche	Le Roux Terblanche	Riaan Huskisson
Francois vd Bank	Charles Whitehead	Paul Kirsten
Anthonie Van Zyl	**16 Januarie**	Mia Nel
14 Januarie	Paul Ferreira	Carol Pitout
Carla Arnold	Dorothea Steyn	James Turner
Fred Franck	Elle Stoffberg	19 Januarie
Luc Kilian	Lia Viljoen	W.P. Burger
Handré Malan	Jacques Visser	Helena Griesel
Erikus Van Dyk	**17 Januarie**	Lizell Grové
Eduan Van Eeden	Therry Lawrence	Mia Lombard
Lua Wiersma	Ida Malherbe	Johan Pienaar
		Nicole Scharrighuisen
		Jeanine Terblanche

NGK Suider-Paarl gemeente, Absa, Takkode, *632005* Tjekrekening

COLLIDE SPYOUTH

Welkom by die "vibrant'ste jeug movement" in die Paarl!

Registrasie begin om 18:00.

Diens 18:30 – 20:00

Ouers ook welkom.

Klapmuts Jeug:

Kleuters: Die skepping
Gr 1-3: Die ou Testament
Gr 4-7: Samewerking

Snap here to pay
SnapScan

Liewe Ouers, welkom by ‘n passievolle bediening!

@SPkidz volg ‘n kurrikulum spesifiek ontwerp vir Gr 1-6 kinders. Die reeks bestaan uit `n lyn met hoofmomente van die Bybelverhaal. 12 Panele word gebruik om die lyn te bou. Verskeie prente help die kinders om die verhaal binne die groter prent van die Bybel te plaas en te verstaan. Portrette van figure word op die panele geplaas om visuele konteks en agtergrond te skep vir die tydperk waarin die karakters geleef het. Deur verskillende speletjies gaan die kinders die lesse hersien deur die jare om die verhale vars te hou.

Kleuters tot Gr R

Die doel van die kleuterkerk is tweevoudig. Een: om aan ouers ‘n geleentheid te gee om die erediens in die kerk by te woon en twee: om ‘n geloof dissipline by die kinders te kweek in ‘n veilige, vriendelike omgewing. (dit is lekker om saam met ‘n groot Christen familie tyd te spandeer en saam te leer). Daar is op ‘n Sondag 4 vrywillige ouers aan diens. ’n Kort Bybelles word behandel, waarna die kleuters vry speel. Die kleuters smul aan Marie koekies, Oros en water tydens hulle speeltyd.

Gr 1 – Die Coolste plan

Ons sien ons hoef nie `n plan te maak om die wêreld heel te maak nie. Die Here is die Planmaker. Hy nooi ons om opgewonde te raak oor sy plan, en om gewillig te wees om deel van sy plan te word. Ons ontmoet Jesus as Verlosser en stap `n pad saam met die hoofkarakters van die *Skepping tot by Josef*.

Gr 2 – Wys die weg

Die lewe is soos `n pad waarop ons loop. Niemand voor ons het al ons lewe geleef nie. Daarom is ons lewe vol verrassings, soos `n splinternuwe pad waarop ons die eerste keer ry. Natuurlik kan so `n pad ons bang maak. Daarom het ons hulp nodig. Hierdie jaar gaan ons kyk hoe God die Israeliete uit Egipte op hulle pad na Kanaan gelei het. God het vir hulle sy hand gegee en gesê: “Ek lei julle uit!” Ons gaan uit die boek Eksodus lees, maar ook uit Levitikus en Numeri. Weet jy wat die woord Eksodus beteken? Eks = “uit” en odus = pad; Eksodus beteken daarom “die pad uit” Deur die Israeliete se groot staptog na Kanaan en Jesus in elke tree te identifiseer, gaan ons leer hoe ons, ons lewe vandag kan leef: Waarheen gaan ek? Wie gaan saam met my? Watter verrassings is daar op my pad? Watter gevare kan ek verwag en wat is my eindpunt? Ons gaan leer wat beteken die woord *Verbond* en saam `n model maak van die tabernakel, want so sien ons hoe Jesus ons Paaslam en Tabernakel word. Ons is die aardse woning vir die Hemelse Koning.

Gr 3 - Ene Ore

Ons leef in ’n lewende verhouding met die Here. In hierdie verhouding is daar kommunikasie. Ons Here en Leier neem ons hand en loop al pratende saam met ons vorentoe. Soms hoor ons wat Hy sê. Soms luister ons nie. Soms luister ons half. In dié verhale in die Bybel sien ons wat gebeur wanneer mense luister, nie luister nie, half luister of vergeet wat hulle gehoor het. Een van die wonderlike dinge wat gebeur wanneer die Here met ons praat en ons sy stem hoor, is dat ons anders begin leef. Ons manier van leef (ons maniere, leefstyl en gedrag) verander. Dit het ’n groot invloed op alles en almal rondom ons. Hierdie jaar se verhaal speel af teen die einde van die volk Israel se reis na die Beloofde Land. Agter hulle lê 'n pad van dood, waarop diegene moes uitsterf wat nie geglo het dat die Here hulle veertig jaar vantevore met veiligheid in die land kon inneem nie. Die nuwe geslag is nou weer op die punt om die land binne te trek. Ons klim in die skoene van Bybelkarakters soos Bileam en Samuel en ervaar wat gebeur wanneer die Here met hulle praat. Wat het ‘n Romeinse soldaat met ‘n Christen in gemeen? Antwoord: ‘n wapenrusting. Ons kyk na die Romeinse wapenrusting en leer wat ons geestelike wapenrusting vir ons beteken en hoe om dit te gebruik.

Gr 4 Leef soos Jesus

Deur speletjies en vasvrae hersien ons die laaste 3 jaar se lesse. Een van die wonderlike dinge wat gebeur wanneer die Here met ons praat en ons sy stem hoor en luister wat Hy vir ons sê, is dat ons anders begin leef. In die jaar se lesse sien ons wat gebeur met mense wat luister na die Here en sy voorbeeld volg. Ons kyk na Israel se eerste 3 konings, Saul, Dawid en Salomo. Ons ontmoet van die groot profete soos Elia, Elisa, Jeremia en Jesaja. Elkeen het 'n spesiale boodskap gebring vir God se volk. Wat beteken die woord: ballingskap? Ons sien hoe Israel van hero na zero gaan omdat hulle die deur vir die vyand oopmaak en so ongehoorsaam raak. Ons wonder saam: wat lê voor vir Israel in die vreemde land?

Gr 5 – Wow, Dis waar! (Jaar 5)

God se kinders is moedeloos en alles is gebreek. Die volk Israel is in Ballingskap! Uit die swaarkry leer ons ook die goeie ken, en so ontmoet ons vir Daniel, Ester, Nehemia en Habakuk. Dit is mense wat opstaan vir dit waarin hulle glo en 'n verskil maak, al is die omstandigheid hoe sleg. Uiteindelik 'n verlosser! Jesus. Ons volg Jesus se lewe op aarde en leer hoe Jesus vissers van mense maak. Deur die " Incredible me" reeks leer ons onsself ken, wie ons in Christus is en om te getuig.

Gr 6 – "Walk"

Ons gaan hierdie jaar inbou in die kinders se geestelike volwassenheid in hulle dag-tot- dag lewe. Hoe tree ek as 'n Christen op by die skool, op die sportveld en in my verhoudings met ander? Ons begin met Trots vs Nederigheid gevolg deur die "Walk" reeks waar ons fokus op wysheid, geloof, waarheid en liefde. Saam gaan ons ontdek hoe 5 hoof karakters in die Bybel se lewens verander het nadat Jesus uit die dood opgestaan het. Wat is Redding en Sending? Het die wêreld dit vandag nog nodig en wat is my rol as Gr 6 kind?

1. <u>Hoe kommunikeer die Ark met ouers</u>?

- In die gemeente bulletin (Sondagblaadtjie) word daar elke week die oorhoofse tema, met `n kort beskrywing en die Skrifgedeelte wat die Sondag behandel word, geplaas.
- 'n Kort opsomming van die les is op ons webtuiste. As u kind nie die les kan bywoon nie, kan u self met u kind die les deurwerk. Kinders wil graag deelneem aan die gesprekke in die klas, u as ouer kan so help om u kind tuis te laat voel in die klas.
- Gemeente epos. **Geen epos = geen kommunikasie!**

2. <u>Nagmaal</u>: Gr 1-6 kinders ontvang 'n groot groep lesaanbieding in die Bovertrek. Kleuterkerk gaan voort soos normaal. Die kinders sal geroep word vir die bediening van die nagmaal tydens die erediens.

3. <u>Hulp</u>: Sonder vrywilligers se hulp kan die bediening nie funksioneer nie. U kan help deur:

- Vervoer na uitstappies
- Gebed vir die leiers en die kinders
- Eetgoed wat van tyd tot tyd benodig word
- Finansies

<u>4. Dinge waarna die kinders kan uitsien:</u>

- Gr 6 "Nerf wars"
- Besoek aan Rusoord
- Oorslaap by die kerk
- Pinkster – Kweekweek
- Hamburger "Drive Thru"
- Rolbal-dag

Ons sien uit daarna om saam met julle kinders meer en meer saam met Jesus te wandel. Die jeugwerk in Suider-Paarl Gemeente is afhanklik van almal wat hande vat. Neem asseblief vrymoedigheid om met ons in gesprek te tree oor voorstelle of wenke of dinge wat pla.

Kinderbediening Suider-Paarl Gemeente * Benita van der Merwe * jeug@suiderpaarl.co.za / 083 3794 702